higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## INLEIDING TOT DIE REGTE
### NKR VLAK 2

(8021002)

**10 Desember 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.**

504Q1N2010

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
3. Beantwoord EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat ’n reël oop en trek ’n streep oor die bladsy ná elke voltooide vraag.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte stelling in elk van die groepe hier onder. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1
A Regspresedent verwys na die regter wat die president van die land insweer.
B Uitsprake van verskillende howe hoef nie die bestaande reg toe te pas op elke saak wat hulle moet beslis nie.
C Die beslissings wat regters gee, staan bekend as uitsprake.
D Regters en landdroste pas die reg toe deur nie na die feite te luister nie en hul beslissings te gee op grond van dit wat hulle dink.

1.1.2
A Gemenereg geld gewoonlik wanneer wetgewing nie op ’n saak betrekking het nie.
B Prokureurs en regters of landdroste in Suid-Afrika oorweeg nie ’n regsreël nie, aangesien dit nooit deel van die gemenereg kan wees nie.
C Alle misdade is gemeenregtelike misdade.
D Gemenereg kan nie gebruik word om wetgewing te interpreteer nie.

1.1.3
A Die personereg is daardie deel van die verbintenisreg wat te make het met die regsposisie van mense en dinge wat regsonbevoeg is.
B ’n Regspersoon is ’n regsubjek wat nie ’n persoon is nie, maar regte en verpligtinge soos ’n lewende persoon het.
C Regsbevoegdheid is die onvermoë om regte en verpligtinge te hê.
D Regspersoonlikheid verwys na mense of groepe wat regte en verpligtinge volgens hul wense wil besit.

1.1.4
A Sekere regsubjekte het regstatus.
B Regstatus verwys na al die regte en verpligtinge van ’n regsubjek.
C Regstatus is die totale aantal regte en verpligtinge van ’n regsubjek.
D Regstatus hang af van dinge soos ouderdom, geslag, of jy getroud is of nie, watter soort huwelik jy het, nasionaliteit en geestesgesondheid.

1.1.5
A ’n Maksimum van twintig natuurlike persone word toegelaat om ’n beslote korporasie te stig.
B ’n Maatskappy kan ’n lid van ’n beslote korporasie wees.
C Lede van ’n beslote korporasie kan nie kies om ’n samewerkingsooreenkoms te skep om reëls oor die verhouding tussen hulle uiteen te sit nie.
D Geen nuwe beslote korporasies mag gestig word nie.

Kopiereg voorbehou 

(5 × 1) (5)

Copyright reserved 

1.2 Kies ’n beskrwying uit KOLOM A om by ’n term in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Delik | A | geldige en regverdig toegepaste wette; gelykheid voor die reg word as die grondslag vir geregtigheid beskou |
| 1.2.2 | Konstitusionele reg | | |
| 1.2.3 | Oortreder | B | die bevoegdheid van ’n bepaalde hof om ’n spesifieke saak aan te hoor |
| 1.2.4 | Geregtigheid | C | reg wat gemoeid is met siviele geskille oor verhoudings tussen private partye |
| 1.2.5 | Sekwestrasie | | |
| 1.2.6 | Jurisdiksie | D | beheer alle aspekte van staatsadministrasie, verskillende staatsinstellings en wisselwerking tussen daardie staatsinstellings |
| 1.2.7 | Siviele reg | | |
| 1.2.8 | Aanklaer | E | verteenwoordig die staat in strafsake, en is die persoon wat die saak teen die beskuldigde aanvoer |
| 1.2.9 | Hof van eerste instansie | | |
| 1.2.10 | Strafreg | F | ’n hof waarin regsprosesse begin of eerste aangehoor word |
| | | G | reg wat gemoeid is met misdade en bestraffing van misdade |
| | | H | om onder die wet besit van bates te neem totdat skuld betaal of daar aan ander eise voldoen is |
| | | I | iemand wat ’n misdaad gepleeg het |
| | | J | ’n nalatige of opsetlike handeling wat iemand anders raak |

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Gemenereg is 'n 'n versameling regsreëls wat met verloop van tyd ontwikkel het uit gebruike, ouer regstelsels en beslissings van regters.

1.3.2 Die Handves van Regte maak deel uit van die Grondwet en bevestig die belangrike menseregte van slegs een etniese groep burgers in Suid-Afrika.

1.3.3 Die siviele prosesreg sit die formaliteite en prosedures uiteen wat gebruik word wanneer een persoon 'n ander persoon dagvaar vir versuim van regsplig wat uit 'n privaatregtelike verhouding voortspruit.

1.3.4 Die Wet op Huweliksgoedere van 1984 reël finansiële gevolge van die huwelik.

1.3.5 Poligamie beteken dat 'n ouer meer as een kind het.

1.3.6 In 'n leviraatshuwelik moet 'n man net een van sy vrou se kinders trou wanneer haar eggenoot sterf.

1.3.7 Lobolo is die eiendom in kontant of in goedere wat 'n voornemende eggenoot of die hoof van sy familie onderneem om aan die hoof van die voornemende eggenote se familie te gee voordat 'n gebruiklike huwelik plaasvind.

1.3.8 Die griffier van die hoë hof is 'n openbare beampte wat by elke provinsiale en plaaslike afdeling van die hoë hof gestasioneer is.

1.3.9 Klerke van die hof het nie dieselfde pligte in die landdroshof as die griffier van die hoë hof nie.

1.3.10 Die Meester van die Hoë Hof is in beheer van die administrasie van strafsake soos moord.

(10 × 1) (10)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

> Statutêre wette is ontwerp om die funksies en rolle van die staat duidelik te maak en om burgerlike orde te verbeter. Inheemse reg is die gewoontereg van die inheemse mense van Suid-Afrika en staan ook bekend as Afrika-gewoontereg. Die prosedure in strafsake volg sy eie proses waarvolgens die beskuldigde aangekla word, die aanklag in die hof voorgelees word, die verhoor van die beskuldigde, en daarna kan die uitspraak en vonnisoplegging plaasvind.

2.1.1 Verduidelik wat kragtens die administratiewe reg met *administratiewe handelinge* bedoel word. (5)

2.1.2 Bespreek die algemene kenmerke van inheemse reg. (5)

2.1.3 Die aanklag in ’n strafsaak word voorgelees voordat die beskuldigde mag pleit.

Beskryf die stap om op ’n ‘aanklag te pleit’. (5)

2.2 Wat word bedoel met *onroerende eiendom* ingevolge die sakereg? (4)
**[19]**

## VRAAG 3

3.1 Verduidelik hoe statutêre wette regters in Suid-Afrika kan help ingeval van ’n konflik tussen regsbronne. (3)

3.2 Bespreek ‘aansoekprosedures’ tydens ’n siviele hofsaak. (3)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C

### VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Inheemse reg het sedert die 16de eeu in Suid-Afrika ontwikkel. In 1988 is die Wysigingswet op die Bewysreg (Wet 45 van 1988) gepromulgeer, wat bepaal het dat ’n hof geregtelike kennis van inheemse reg mag neem. Die Opvolgingsreg beheer sake wanneer ’n persoon met ’n testament (testate opvolging) of sonder ’n testament (intestate opvolging) sterf. |

4.1 Inheemse reg is nie gemoeid met die verhouding tussen die staat en individue nie, maar reël slegs verhoudings tussen individue.

Bespreek die ‘persoon in inheemse reg’ in Suid-Afrika. (8)

4.2 Bespreek die remedies vir skending van vennootskapspligte. (4)
**[12]**

### VRAAG 5

5.1 Bespreek intestate opvolging kragtens die Wet op Intestate Erfopvolging, Wet 81 van 1987. (4)

5.2 Vier elemente moet teenwoordig wees voordat ’n handeling ’n misdaad uitmaak.

5.2.1 Noem hierdie VIER elemente. (4)

5.2.2 Definieer *medepligtige* in jou eie woorde. (1)

5.3 Noem die TWEE kategorieë waarin maatskappye ingevolge die Maatskappyreg verdeel word. (2)

5.4 Daar is verskillende vorms van getuienis wat voor ’n hof gebring kan word en wat ’n hof in ag kan neem.

Bespreek die verskillende vorms van getuienis. (7)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**AFDELING D: Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

**VRAAG 6**

Drie hooftipes reëls bepaal ons optrede. Dit is regsreëls, interne reëls en morele (etiese) reëls.

6.1 Verduidelik *regsreëls*. (9)

6.2 Noem DRIE voorbeelde van regsreëls. (3)

6.3 Verduidelik *regsnorms*. (8)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 7**

Familiereg is daardie deel van privaatreg wat die verhouding tussen ’n eggenoot en eggenote, en tussen ’n ouer en kind reël. Peter en Mary is in gemeenskap van goedere getroud. Peter is in ’n vennootskap met James, ’n ou skoolvriend. Hy skuld vir James baie geld. James dagvaar hom vir die geld.

7.1 Bespreek die verskil tussen *verlowing* en *huwelik*. (10)

7.2 Bespreek die implikasies van die regsaard van die vennootskap tussen Peter en James. (10)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou